UITSLAE van ATKV-Tienertoneel50

Hoërskool Parel Vallei is die **nasionale wenner** van die 50ste ATKV-Tienertoneelkompetisie met ***WolkKop***!

Dié toneelgroep ontvang R30 000 en die ATKV-Tienertoneelwisseltrofee. ***WolkKop*** is neergepen deur Marí Borstlap. Marí is ook aangewys as die beste regisseur vir dié produksie. *WolkKop* het omtrent die pryse ingepalm met Ben Albertyn wat as die beste akteur in 'n hoofrol en Jane de Wet wat as die beste aktrise in 'n hoofrol aangewys is. Jacques Meyer is ook aangewys as die beste manlike speler in 'n ondersteunende rol en die toneelgroep stap weg met die toekenning vir die beste hantering van tegniese aspekte.

WolkKop dien as 'n kritiese ondersoek na die absurde aard en doel van ons bestaan as mens. Deur teater as 'n kunsvorm in te span as 'n metafoor vir die lewe, is die doel in *WolkKop* om vreesloos die raaiselagtige en gereeld brutale aspekte en vrese in ons lewens te konfronteer. Alex, Max en Trix is drie mense/gekke/teaterlui/illusies … om eerlik te wees – wie hulle is, is nie naastenby so belangrik soos dit waaroor hulle dink en wat hulle ervaar nie. Die toneelstuk is belaai met interteks, avontuur, groot vrae en baie twyfel.

Hoërskool Jan van Riebeeck is die naaswenner en ontvang R20 000 prysgeld vir ***Na 'n ander aarde***, asook die toekenning vir die beste ensemblewerk. Hoërskool Jan van Riebeeck poog al jare lank om 'n liefde vir die teaterwêreld onder jongmense te kweek en om passievolle jong akteurs en gehoorlede die wêreld in te stuur.

Hoërskool Noordheuwel se ***Hartskelder***, geskryf deur dr. Pierre-André Viviers is in die derde plek aangewys. Die toneelgroep ontvang R10 000 prysgeld. **Helpmekaar Kollege** se ***ROOI*** het vierde geëindig en **Schoonspruit Sekondêre Skool** se ***Nog nie vry nie*** het vyfde geëindig. Helpmekaar Kollege se Veronica Ramokgoname is as die mees belowende speler aangewys. Maxine Malgas is as die beste vroulike speler in 'n ondersteunende rol aangewys vir haar rol in **Schoonspruit Sekondêre Skool** se *Ons Kleine Dorpie*.

Die ander finaliste was Hoërskool Louis Trichardt met *Harnas*, Hoërskool Zwartkop met *Die Joiner*, Potchefstroom Gimnasium met *Verspeelde Tyd*, Hoërskool Upington met *Kringloop* en Schoonspruit Sekondêre Skool met *Ons Kleine Dorpie*.

Die beoordelaars tydens die finaal was Antoinette Louw, Gerrit Schoonhoven, Ira Blanckenberg, Johny Klein, Pedro Kruger, Shirley Ellis en Tina Kruger.

Die doel van die ATKV se prys vir die beste nuutgeskrewe Tienertoneelteks is die daarstelling van goeie opvoerbare nuwe eenbedrywe vir skole. Al die nuutgeskrewe tekste wat ingeskryf word vir ATKV-Tienertoneel kom ook in aanmerking vir die prys vir die beste nuutgeskrewe Tienertoneelteks van die volgende jaar.

Sewe en sewentig nuutgeskrewe tekste van 2013 is deur die loop van 2014 deur dr. Peet Jansen van Rensburg, Wim Vorster en dr. Adri Breed beoordeel. Die tekste word beoordeel op grond van tema, verhaallyn of intrige, karakterisering en toneelmatigheid.

Cecilia du Toit is in die derde plek aangewys vir haar teks, *Swewende Maan*. Sy ontvang R1 000 prysgeld.

Christiaan Olwagen en André Gerber is die naaswenner vir die teks, *Sneeuwitjie en die Sewe Zombies*, waarmee Hoër Meisieskool Bloemhof die ATKV-Tienertoneelkompetisie in 2013 gewen het. Hulle ontvang R3 000 prysgeld.

Dr. Pierre-André Viviers is die skrywer van die beste nuutgeskrewe Tienertoneelteks vir 2014. Vir sy teks, *Droom* ontvang hy R5 000.

Hiermee volg die volledige lys van nominasies en wenners van die individuele pryse:

Die nominasies vir die **beste hantering van tegniese aspekte**:

- Hoërskool Jan van Riebeeck vir *Na 'n ander aarde*
- Hoërskool Louis Trichardt se *Harnas*
- Hoërskool Parel Vallei met *WolkKop*
- Hoërskool Upington vir *Kringloop*

Wenner:
Hoërskool Parel Vallei vir *WolkKop*

Die nominasies vir die **beste ensemblewerk** is:

- Hoërskool Jan van Riebeeck vir *Na 'n ander aarde*
- Hoërskool Louis Trichardt vir *Harnas*
- Hoërskool Zwartkop vir *Die Joiner*
- Schoonspruit Sekondêre Skool vir *Nog Nie Vry Nie*
- Schoonspruit Sekondêre Skool vir *Ons Kleine Dorpie*

Wenner:
Hoërskool Jan van Riebeeck vir *Na 'n ander aarde*

Die nominasies vir **mees belowende spel in 'n rol**:

- Ashwin Arendse as die verteller in Schoonspruit Sekondêre Skool se *Ons Kleine Dorpie*
- Renaldo Roems as die leier, voordanser en skoolseun in Schoonspruit Sekondêre Skool se *Nog Nie Vry Nie*
- Veronica Ramokgoname as Juffrou Thompson in Helpmekaar Kollege se *ROOI*

Wenner:
Veronica Ramokgoname van Helpmekaar Kollege

Die nominasies vir **beste vroulike speler in 'n ondersteunende rol** is:

- Dawn Fisher as mev. Rocco in Schoonspruit Sekondêre Skool se *Ons Kleine Dorpie*
- Maritsa van Eeden as Rachel Verwey in Hoërskool Zwartkop se *Die Joiner*
- Maxine Malgas as Mev. Webb in Schoonspruit Sekondêre Skool se *Ons Kleine Dorpie*
- Meije Vivier as Erika in Hoërskool Jan van Riebeeck se *Na 'n ander aarde*
- Nicola van der Westhuizen as Drieka Botha in Hoërskool Zwartkop se *Die Joiner*

Wenner:
Maxine Malgas vir haar rol in Schoonspruit Sekondêre Skool se *Ons Kleine Dorpie*

Die nominasies vir **beste manlike speler in 'n ondersteunende rol** is:

- Ben Blignaut as Dirkie Botha in Hoërskool Zwartkop se *Die Joiner*
- Jacques Meyer as Max in Hoërskool Parel Vallei se *WolkKop*
- Jan Daniël Kapp as Captain Brown in Hoërskool Zwartkop se *Die Joiner*
- Ndodzo Mawela as Mnr. Medupe in Hoërskool Louis Trichardt se *Harnas*

Wenner:
Jacques Meyer van Hoërskool Parel Vallei

Die nominasies vir **beste aktrise in 'n hoofrol** is:

- Ané Cloete as Mia in Hoërskool Jan van Riebeeck se *Na 'n ander aarde*
- Carissa Malherbe as Milla in Hoërskool Noordheuwel se *Hartskelder*
- Charlize Barnard as die vroulike speler in Potchefstroom Gimnasium se *Verspeelde Tyd*
- Jane de Wet as Trix in Hoërskool Parel Vallei se *WolkKop*
- Veronica Ramokgoname as Juffrou Thompson in Helpmekaar Kollege se *ROOI*

Wenner:
Jane de Wet van Hoërskool Parel Vallei

Die nominasies vir die **beste akteur in 'n hoofrol** is:

- Ben Albertyn as Alex in Hoërskool Parel Vallei se *WolkKop*
- Jacques Adriaanse as die manlike speler in Potchefstroom Gimnasium se *Verspeelde Tyd*
- Werner Tolmay as Benno in Hoërskool Noordheuwel se *Hartskelder*

Wenner:
Ben Albertyn van Hoërskool Parel Vallei

Die nominasies vir **beste regisseur** is:

- Gershwin Cloete vir *Nog nie vry nie* van Schoonspruit Sekondêre Skool
- Linda en Larét van Niekerk vir *ROOI* van Helpmekaar Kollege
- Mariki de Villiers-Knop vir *Hartskelder* van Hoërskool Noordeheuwel
- Marí Borstlap vir *WolkKop* van Hoërskool Parel Vallei
- Nico Scheepers vir *Na 'n ander aarde* van Hoërskool Jan van Riebeeck

Wenner :
Marí Borstlap vir *WolkKop* van Hoërskool Parel Vallei

5de Plek: **Schoonspruit Sekondêre Skool** se *Nog nie vry nie*

4de Plek: **Helpmekaar Kollege** se *ROOI*

3de Plek: **Hoërskool Noordheuwel** se *Hartskelder*

Naaswenner: **Hoërskool Jan van Riebeeck** se *Na 'n ander aarde*

Die Nasionale wenner van die 50ste ATKV-Tienertoneelkompetisie in 2014 is: **Hoërskool Parel Vallei** se *WolkKop*